
**Die familiegeskiedenis van Sem, en Christus**

**Gen 11:10-26**

**30 Julie 2023**




1. Vantevore: Implikasies van toring van Babel: (1) Taalverwarring as bewaringsmeganisme (2) Skep omgewing vir demonstrasie van verlossingsplan (3) Babel word simbool van alles wat sleg is.
2. Vyfde Toledot: Familiegeskiedenis van Sem (Gen 11:10-26)
3. Vergelyking van familiegeskiedenis van Sem (Gen 11) met familiegeskiedenis van Adam (Gen 5)
    a. Gen 5: 10 geslagte, Gen 11: 10 geslagte (Kenan is waarskynlik uitgelaat in Masoretiese teks - Luk 3:35-36)
    b. Gen 11 laat uit: totale leeftyd en dat persoon gesterf het – fokus op lewe
    c. Gen 11 lewensduur is korter en ouderdom waarop kinders verwek word, jonger – voorbereiding vir Abram
4. Kombinasie van die Gen 5, Gen 11 en Mat 1 geslagsregisters
    a. Kombinasie gee geslagsregister vanaf Adam tot by Jesus Christus
    b. Hoogtepunte in Gen 5/11: Adam, Noag. Hoogtepunte in Mat 1: Abraham, Dawid, ballingskap, Christus
    c. Christus is uit die nageslag van die vrou
    d. Die Here sluit verbonde met: Adam, Noag, Abraham, Dawid – en Christus is Middelaar van uitnemender verbond
    e. Rede vir uitlaat van Sinaiverbond / Insluit van ballingskap:
        - Sinaiverbond: Die Here gee Sy wet en voorskrifte vir tabernakel / priesters / offerdiens
        - Volk oortree herhaaldelik die wet van die Here – loop uit op ballingskap
        - Tydens ballingskap tree 2 profete op:
            - Jeremia in beloofde land – belofte van nuwe verbond (Jer 31:31-34)
            - Esegiël in Babel – Heilige Gees sal sorg vir gehoorsaamheid (Eseg 36:26-27)
        - Jesus is Middelaar van nuwe verbond, skaf Sinaiverbond af (Heb 8:6-13)
        - Opsommend: Sinaiverbond was tydelik, tydens ballingskap word nuwe verbond aangekondig
5. Opsommend
    a. Die verbonde vorm die struktuur van God se openbaring aan ons, en moet die manier wees waarop ons die Bybel lees
        - Dispensationalism maak ander hoogtepunte in die plek van verbondsluitings
        - Die verbondsformule "Ek sal hulle God wees en hulle sal My volke wees" loop deur die Skrif: Gen 17:7, Eks 19:6, 2 Sam 7:14, Jer 31:33, Op 21:3